ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 72 Nr. 1

1ste Kwartaal, 2024

70
2019

Christelike onderwys
Opvoeding na bo
Ouerhuis
Skool

Antitetiese uitgangspunte en posisie-innames

Onversoenbaar vanweë religieuse uitgangspunte en grondmotiewe

Marxistiese onderwys
'Opvoeding' na benede
Staat/
Regerende politieke party

Christelike en Marxistiese onderwys is botsende teenstellings

IN DIE SKRIFLIG

CALVYN – CHRISTUS IS DIE FONDAMENT

Efesiërs 1:1-6

... want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus – 1 Kor. 3:11.

Paulus sê dat die fondament behou moet word wat hy self, by die opbou van die Christelike leer onder die Korintiërs, gelê het. Buiten dit kan geen ander een gelê word nie. En dié fondament is Jesus Christus.

Watter betekenis het dit vir ons dat die fondament in Christus geleë is? Kom dit daarop neer dat Hy vir ons die begin van die saligheid is, sodat ons dit moet voltooi? Beteken dit dat Hy net die pad oopgemaak het, sodat ons in eie krag verder daarop moet loop? Hoegenaamd nie. Maar, soos hy kort tevore geskryf het: wanneer ons Hom erken, is Hy aan ons gegee om ons te regverdig.

Niemand is dus goed in Christus gefundeer nie, behalwe hy wat 'n volkome geregtigheid in Hom verkry het. Want die apostel sê nie dat Christus gestuur is om ons behulpsaam te wees om geregtigheid te bekom nie, maar sodat Hy sélf ons geregtigheid mag wees (1 Kor. 1:30). Die bedoeling is dus dat ons van ewigheid af in Hom uitverkies is – reeds voor die grondlegging van die wêreld. Van ons kant af is daar geen verdienste nie ...

Deur sy dood is ons verlos van die vloek van die dood en bevry van die verderf. In Hom is ons deur die Hemelse Vader aangeneem as kinders en erfgename. Deur sy bloed is ons met die Vader versoen ...

Al is ons sondaars, is Hý ons geregtigheid. Al is ons onrein, is Hý ons reinheid. Al is ons swak, ongewapen en aan Satan blootgestel, tog behoort die mag wat aan Hom gegee is – in die hemel en op aarde – aan ons. Daarom oorweldig Hy Satan vir ons ... Al dra ons ook nog die liggaam van die dood met ons saam, tog is Hy ons lewe. Kortom, alles wat aan Hom behoort, behoort aan ons ...

Inst. III, 15, 5

Gebed: Here, leer ons tog daagliks beter verstaan dat ons in U alles ontvang het wat goed is.

IN HIERDIE UITGAWE

In die Skriflig	bl 2
Redaksioneel	bl 3
Christelike onderwys en ouers se mandaat	bl 4
Bekendstelling: Pactum Instituut	bl 6
Christelike onderwys: Die skoolbeheerliggaam se mandaat	bl 8
Belang van ons Christelike Lewens- en Wêreldbeskouing	bl 10
Onderwys in krisis: Seminaar	bl 13
Vindiciae Contra Tyrannos	bl 14
Mediaverklaring	bl. 17
Koninkryk van God	bl. 18

Redaksioneel

Hugo Hayes

Suid-Afrikaanse onderwys verkeer in die branding, veral wat die openbare onderwysopset betref. Dan nie slegs deurdat daar onderdrukkende onderwyswetgewing in die proses is om deurgevoer te word nie (verwysende na die sg. Bela-wetsontwerp). Die onderwysbedeling verkeer onder druk, as gevolg van die ontoelaatbare betrokkenheid van die staat. Die onbenydenswaardige posisie waarin die onderwys hom bevind, vloei voort uit 'n onnatuurlike verhouding tussen die staat en die onderwys. Daar is duidelike grense aan dit wat die staat geoorloof is en dit waarop die onderwys geregtig is. Ons verwys hier na twee onderskeie verbande, elk met 'n eie mags- en bevoegdheidsfeer, wat die een nie deur die ander opgeneem kan word nie.

Die beredenering is gegrond op ons Reformatoriese beskouing oor wat die kompetensies van die staat en die onderwys veronderstel is om te wees. Hiervolgens onderskei ons duidelik gekwalifiseerde en onderskeidende verbande binne 'n gedifferensieerde samelewing. Waar die onderwys as 'n selfstandige verband binne so 'n samelewing na vore getree het, onderskei hy hom van die staat en het ons met begrensde mags- en bevoegdheidsfere te doen, volgens die aanvaarde beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring. Ons het hier met 'n beskouing oor die samelewing te doen, wat op die historiese ontwikkeling van die Reformatoriese denke oor die samelewing teruggaan. Dit is naamlik dat daar aan eiesoortige verbande binne 'n gedifferensieerde samelewing unieke magte en bevoegdhede toegeken word, wat slegs binne daardie verbande uitgeoefen kan word. Dit hang saam met sodanige verbande se eiesoortigheid en selfstandigheid. In die geval van die staat is dit afgegrens tot die harmonieuse behartiging van die regsbelange in die samelewing. Onderwys is nou maar eenmaal nie deel van die staat se opdrag en roeping nie.

Wanneer die staat sy magte en bevoegdhede op 'n onderdrukkende wyse begin uitoefen, beantwoord hy nie meer aan die kriterium van wat van die staat vereis word nie. Dit ooreenkomstig ons Bybelse beskouing oor wat die staat behoort te wees. Die verontagsaming hiervan deur die regerende politieke party het in Suid-Afrika reeds daartoe gelei dat die staat die terrein van die onderwys, benewens ander, op 'n onregmatige (antinormatiewe) wyse betree het.

In hierdie uitgawe word ondermeer daaroor gehandel of die onderwys tot regsgeldige verset-optrede teen tirannieke beleid en wetgewing deur die staat kan oorgaan, met verwysing na 'n belangwekkende dokument, bekend as die *Vindiciae Contra Tyrannos*. Daar is verder ook bydraes oor die ouer se belangwekkende roeping t.o.v die onderwys, die skoolbeheerliggaam se bydrae en die betekenis van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Doel van die VCHO

Die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap.

Missie van die VCHO

Om, deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk.

Grondslag van die VCHO

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

Christelike onderwys en ouers se mandaat

Hierdie bydrae is van dr Bennie Aucamp ontvang

"... wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?" (Psalm 8:5)

Soos in my voorafgaande post In die voorafgaande post/artikel, het ek gekyk na die beheerliggaam se verantwoordelikheid en taak en opdrag/mandaat ten opsigte van Christelike onderwys. In hierdie post wil ek fokus op die ouers se verantwoordelikheid. Ek fokus hierop, ongeag die keuse van skool waar ouers hulle kinders inskryf. Uiteindelik sal ek graag na die keuse van die tipe skool wil terugkom. Die volgende opmerkings van die Engelse en puriteinse predikant en skrywer, William Gouge (1575-1653), behoort elke Christengelowige ouer tot ernstige nadenke te stem: "*The family is a seminary of the church and commonwealth. It is as a beehive, in which is the stock, and out of which are sent many swarms of bees. In families all sorts of people are bred and brought up, and out of families they are lent into the church and commonwealth. The first beginning of mankind and of his increase was out of a family ... family is a little church … or at least a lively representation of these ... It is like a school where the first principles and grounds of government and subjection are learned, and by which men are fitted to greater matters in church or commonwealth*." Voordat ouers dus besin oor watter skool, watter woongebied, watter tipe huis, en watter tipe hulpprogram, moet ouers eerstens en primêr fokus op hulle Christelike roeping om binne die gesin/huis onderwysend op te voed. Dis soos iemand eendag Christelike opvoeding so mooi verwoord het as "omhoogleiding" – om kinders na God te lei en so God as die hoogste gesag in hulle lewens te eer en te verheerlik. En dit is verbondsouers se plig en mandaat teenoor hulle verbondskinders. Hulle het trouens dit voor die kansel in die teenwoordigheid van die gemeente, maar bowenal voor God met 'n hardop 'Ja' belowe. Hoe word ouers toegerus vir hulle taak? Of eerder, waar en in watter situasie word ouers bemoedig, geïnspireer en toegerus tot taakvervulling? Die antwoord lê volgens my opgesluit in die wese en inhoud van aanbidding.

Ek reken die waarde of plek van aanbidding as essensiële faset en voedingsbron van ons geloofslewe word dikwels en oor die algemeen gering geskat ten opsigte van die wyse waarop ons as ouers en kinders onsself oopstel vir God se waarheid, onderwysing deur Woordbediening, dissiplinering, bemoediging en geloofsgroei. Ek het self opnuut tot die besef gekom hoe arm ek is aan ware begrip vir die betekenis en waarde van aanbidding, veral tydens die lees van 'n besondere boek wat my tot diep nadenke gestem het – 'n boek wat ek reken elke Christengelowige ouer (om die waarheid te sê, alle Christen gelowiges) behoort te lees. Ek verwys na die boek *What happens when we worship?* geskryf deur Jonathan Landry Cruse. Cruse is deur hierdie boek voorwaar 'n instrument in God se hand tot eer en verheerliking van Homself en om vir medegelowiges koers aan te wys – na Jesus Christus. As ek sê dat die waarde van aanbidding gering geskat word, dan is die bedoeling myns insiens dat ons heel dikwels nie werklik tot die besef kom wat daarmee bedoel word nie, wat die karakter daarvan is nie, wat dit alles behels en wat dit van ons as God se kinders vra nie. Ek reken ook dat ons van kleinsaf binne die kerk en

erediens nie altyd intens bewus was of gemaak is ten opsigte van die hoofmomente van aanbidding nie. Teen hierdie agtergrond wil ek u as leser/Christengelowige ouer uitnooi om saam met my te ontdek hoe aanbidding met ons mandaat koppel in die nastrewe en beoefening van Christelike onderwys. Ek is van die oortuiging dat daar 'n sterk en onmisbare korrelasie en band tussen aanbidding en die siening en praktyk van Christelike onderwys is. Trouens, elke faset van ons lewe word deur aanbidding bepaal of beïnvloed, veral dan ook ons persoonlike Bybelstudietyd en gesinstyd en algemene sosiale lewe.

Die beginplek van hierdie ondersoek en gesprek begin by die kerk as aanbiddingsplek – daar waar ons gesamentlik God aanbid – binne die erediens! Dit word onderneem vanuit 'n Christelik gereformeerde lewensbeskouing, juis omdat hierdie beskouing intens deur God se Woord daarop gefokus is om die sonde-bevlekte mens meer en meer reformerend en transformerend daagliks volgens die beeld van Christus te verander. Die volgende video gee 'n insig-

gewende beeld van die begrip ‘gereformeerd’ en sal dus verder duidelikheid en agtergrond gee oor die vertrekpunt vir hierdie artikel/post:

https://www.scriptura.co.za/2020/10/hoekom-is-ek-gereformeerd-almal-is-n-teoloog/

Net eers ’n klompie kritiese vrae/opmerkings ten opsigte van ons aanbidding om onsself tot erns te stem en verder te oriënteer:

1. Geliefde leser, weet u wat dit is wat jy doen of wat met jou gebeur wanneer jy in die kerk aanbid?
2. Aanbidding is ’n bonatuurlike gebeurtenis. Is ons werklik bewus daarvan?
3. Ware en werklike en getroue aanbidding is voorwaar bonatuurlik. In die kerk ontmoet God sy gelowige kinders en vergader met hulle en deur sy soewereine en genadige krag verander Hy sy kinders. Niks in hierdie wêreld kan dit bied nie. Maak dit jou as gelowige Christenouer opgewonde en honger en dors jy daarna? Of is die erediens as aanbiddingsmoment maar net nog ’n geleentheid in jou weeklikse sosiale program wat as’t ware afgemerk word en daarna gaan die lewe weer soos gewoonweg voort?
4. Tydens aanbidding en wanneer ons gaan om te aanbid, gaan ons om omvorm/getransformeer te word, om gevorm te word, herskep te word na God se beeld en daardie beeld en sy heerlikheid/glorie te reflekteer. Ons kom om te aanbid en om Jesus Christus as’t ware aan te trek – ons met Hom en sy geregtigheid te klee.
5. Aanbidding deur die bywoning van die erediens op Sondae is nie tydmors nie. Ons sal byvoorbeeld nie dink dis tydmors om weekliks en gereeld na die gimnasium te gaan of ’n daaglikse oefenprogram te volg nie. Vir so ’n persoon bring die oefening sigbare resultate soos byvoorbeeld gewigsverlies, lenige spiere en verhoogde uithouvermoë. In aanbidding tydens die erediens gebeur ook dit wat tydens ’n oefenprogram gebeur, al kan ons dit nie sien nie. Ons verloor die gewig van die sonde (die sondelas), en ons word geoefen en skerpgemaak in ons begrip en verstaan van die lewende woord van God. Ons word ook aangemoedig/bemoedig om in die geloofsreis/-wedloop te volhard. Kortom: tydens gesamentlike aanbidding word ons gevorm/gelykvormig gemaak “... tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos ’n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus” (Efesiers 4:13).
6. Aanbidding in sy wese is en behoort ’n verkwikkende, verfrissende en opwindende ondervinding te wees. Ons het nie rookmasjiene, meer ligte, dramatiese aanbiedings. harder musiek, mistieke teologie, of vermaaklike sprekers nodig om aanbidding opwindend te maak nie. Ons moet net in die eerste plek verstaan wat aangaan. Maak nie saak hoe jou week lyk en hoe avontuurlik dit mag wees nie, Sondag se aanbidding is en bly die hoogtepunt.
7. Die allerbelangrikste punt om te maak is die besef dat aanbidding as die primêre aktiwiteit vanaf hierdie wêreld waarin ons tans leef oorgaan na die volgende. Jonathan Cruse verwys na die “eternal destiny”, en beskryf dan verder: “While the new heavens and the new earth will hold for the elect much more than an eternally sustained worship service—for we will eat, rest, fellowship, and much more—worship is undoubtedly the supreme undertaking of the believer in glory” (eie beklemtoning).
8. Gesamentlike aanbidding is uniek. Ons kom gereeld saam met mede-gelowiges om God te prys – ’n prentjie van wat in die hemel gebeur. Teenoor private aanbidding, moet ons besef dat ons in die hemel as verloste liggaam bymekaar is vir aanbidding. Daarom kan ons nie onsself verskoon van aanbidding in die kerk en dink ons is steeds besig om God se begeerte en wil om met sy kinders te vergader, te vervul nie. Die kerk se belangrikste taak is om God te aanbid en ons moet deel daarvan wees.
9. Deur aanbidding ontmoet ons God. In die erediens word nie net oor of van God gepraat nie. Ja, na die erediens wel, en verkondig en leef ons die beginsels uit God se Woord ook prakties uit. Ons bevind ons letterlik in God se teenwoordigheid. Ons het die onuitspreeklike voorreg en geleentheid om in die teenwoordigheid van die lewende God, die Skepper van die heelal, die heilige, die alomteenwoordige en soewereine God te wees. Niks kan dit vervang nie. Niks in hierdie wêreld is so belangrik dat ons hierdie aanbiddingsgeleentheid sal mis nie. En omdat ons met God as gemeente vergader, verander alles. Gemeenskaplike aanbidding word die grootste middel om ons te laat word wat ons veronderstel is om te wees – die beelddraers van God. Ons reflekteer wat ons aanskou/beskou/sien. En in Christelike aanbidding aanskou ons God.

Vervolg op bl. 7

Bekendstelling: Pactum Instituut

Onderstaande besonderhede soos van die Instituut ontvang

Die *Pactum Instituut* is ’n onafhanklike akademiese navorsings-instituut wat ten doel het om die tradisionele Bybelse Christelike wêreldbeskouing te bevorder − veral op die terrein van die Teologie en Geesteswetenskappe.

‘Pactum’ is die Latyn vir verbond − dit wat die Godgegewe grondslag vorm van die menslike samelewing.

Die Instituut wil die jammerlike gaping in die hedendaagse akademie − veroorsaak deur die sistematiese onverdraagsaamheid en vooroordeel teen die historiese en Bybelse Christendom − vul deur die volgende te bevorder deur middel van ons navorsing:

1. Die gesag van die Skrif en veral die Konfessionele benadering tot Bibliologie.
2. Verbonds- of Federale Teologie as grondslag vir ’n Christelike samelewing.
3. Christus se Koningskap en Heerskappy oor die hele skepping en veral elke aspek van die menslike lewe.
4. God se Wet as absolute morele rigsnoer vir elke sfeer van die samelewing.
5. Christelike Familialisme en Etniese Komplementarisme soos dit vergestalt in die organiese en Godgegewe of normatiewe sosiale orde.
6. Die ontwikkeling van volhoubare, praktiese oplossings vir klein gemeenskappe binne die konteks van die kontemporêre samelewing gebaseer op die beginsel van subsidiariteit (of desentralisasie).

As uitvloeisel van verbonds- of federale teologie, volg dit dat die Pactum Instituut die kontemporêre oorheersing van die Kultuurmarxisme in die Westerse akademie die stryd aansê. Ons doen dit deur die bevordering van historiese Christelike leerstellings aangaande die Skrif, Gods Wet en Familialisme.

Die Christelike wêreldbeskouing word dan daardeur aan die breër publiek voorgehou as die enigste werklike alternatief tot die verrotting en verdorwenheid wat noodwendig volg op afvalligheid van die Christendom en die vernietigende gevolge van die Kultuurmarxisme vir die Westerse samelewing.

Navorsing fokus onder andere daarop om praktiese oplossings te ontwikkel vir tradisionele gemeenskappe en volke as ’n alternatief tot die globalistiese en modernistiese sosiale orde. Dit behels beide die teoretiese onderbou sowel as die praktiese implementering van die nodige sosio-ekonomiese en sosio-politieke strategieë om volhoubare verbondsgemeenskappe, gebaseer in die gesin en familie, te help bevorder.

Lees ons Afrikaanse artikels by www.wereldbeeld.org.

Hier is die skakel na die Pactum-kanaal: https://www.youtube.com/@pactuminstitute

Opmerking

Die VCHO werk sedert 2022 met Pactum saam op projekgerigte basis, ten einde ons Christelike-gereformeerde wêreldbeskouing te bevorder, aangesien beide organisasies op gemeenskaplike Bybelse grondslag gevestig staan. Een van hierdie projekte wat graag onder ons lesers se aandag gebring wil word is die aanbieding van die Koninkryk-reeks.

Koninkryk-reeks aanbiedinge

Skakel in op die belangwekkende Koninkryk-reeks wat gedurende 2023 aangebied is, deur na hierdie skakel te gaan:

https://www.youtube.com/playlist?list=PLuZPcDIPukLUBdhk9lZRjOBhDyfMcmNRZ

Vervolg van bl. 5: **Christelike onderwys en ouers se mandaat**

10. Om in God se skepping te wandel en sy grootheid en almag te beleef, is nie aanbidding nie. Trouens dit kan problematies wees, want dit kan (as ons reken dat dit ook aanbidding is) dui op die aanbidding van God se skepping en nie die Skepper nie. Ja, God is oraloor, Hy is alomteenwoordig en alles behoort aan Hom, Hy is betrokke by sy skepping en Hy regeer en hou dit in stand. Maar God ontmoet nie sy kinders enige plek soos ons wil en goeddink nie. God se primêre metode om sy kinders te ontmoet en met hulle te vergader, is in die kerk – in sy gemeente. Dis waar Hy wil hê ons hom moet ontmoet en vergader Hy ons rondom sy Woord in aanbidding. Die volgende woorde van Jonathan Cruse beskryf die essensie paslik: "Yes, you can sometimes find a dime on a mountaintop. But that random event should not establish a habit for your pursuits as a coin collector. So too, true believers build their relationship with God on the certainty of meeting with Him at His house, not on the vain hopes of running into Him somewhere else."
11. Jesus Christus is die sleutel (die hoe) wat vir ons as sy gemeente die heilige plek van aanbidding oopmaak en so bevind ons ons in die teenwoordigheid van God deur geloof in Hom. Maar die vraag is nou waar die heilige plek van aanbidding is?
12. Lees en bestudeer gerus Hebreërs 8. Die heilige plek van aanbidding is die hemel. Jesus Christus is ons Hoëpriester en Hy sit aan die regterhand van God die Vader in die hemel. Dis die ware tent van ontmoeting, opgerig deur die Here. En dis waar ware aanbidding plaasvind. Dis waar ons God ontmoet – in 'n tempel wat nie deur die mens gemaak is nie. Lees nou gerus hoofstuk 8 van Hebreërs verder. Wat 'n openbaring!
13. Maar ons is dan nie fisies op Sondae in die hemel nie. Hoe nou? Wanneer ons as God se kinders vergader om Hom te aanbid, word ons deur die misterieuse werk van die Heilige Gees in die hemelse plekke ingetrek. Dit is wat gebeur wanneer ons aanbid. Wanneer ons saamkom om te aanbid, kom ons nie na wat aangeraak kan word nie (soos die Israeliete gedoen het toe hulle by die Sinai-gebergte aanbid het nie). Indien ons aanbiddingsplek nie aangeraak kan word nie, beteken dit dat ons plek van aanbidding 'n geestelike plek is – die hemelse Jerusalem. Ons kan dit nie sien nie en kan ook nie daaraan raak nie, maar dis 'n werklikheid. Deur geloof is ons daar wanneer ons aanbid. Dit beteken verder dat God se wil vir aanbidding is dat ons ons opwaarts wend, soos Moses wat teen die berg uitgeklim het om God te ontmoet. Ware aanbidding word deur 'n opwaartse trajek gekenmerk. Dit beteken verder dat ons God ontmoet op grond van sy terme.
14. Op grond van voorafgaande, hou die redenasie nie water nie, dat ons sommer enige plek en privaat met God kan ontmoet as sou dit dieselfde effek hê as om in die kerk as gemeente te vergader. Tydens en na afloop van die Covid-pandemie is gereeld gehoor dat mense eerder vanuit die gemak van hulle huise voor die televisie ongehinderd en rustig na die erediens kyk en luister. Wie volgens my so redeneer, verstaan nie of besef nie die diepte en wydte van ware aanbidding soos reeds bo beskryf nie. Ja, God is alomteenwoordig en ons kan tot Hom bid en verseker weet dat God ons hoor waar ons ook al mag wees, maar dis nie 'n plaasvervanger vir gesamentlike aanbidding as gemeente waar ons fisies saam onder die geklank van God se Woord en prediking is nie.
15. God is tot vandag nog verbondsmatig by sy kinders betrokke. Hy staan en skep 'n verhouding met sy kerk deur Jesus Christus. God roep ons om in verhouding met Hom te tree. God verwag van ons 'n reaksie – 'n reaksie gedrewe deur geloof en gehoorsaamheid op grond van God se belofte van lewe en verlossing.
16. As ons gaan om te aanbid, is ons hooffokus of moet ons hooffokus Christus wees. Deur Hom het ons die wonderlike voorreg om ons tot God te haas. Ons kan nie na God gaan in sonde en gebrokenheid nie en ons kan nie 'Amen' sê op grond van ons eie meriete of in wat ons doen of gedoen het nie. Ons (as verbondverbrekers) kom alleen deur Christus na God en word versterk en bevestig en hernu God sy verbond met ons. Hy is en bly getrou. Hoe kan ons dan nie met dringendheid en met spoed en met oorgawe ons na God wend deur aanbidding nie?

Vervolg op bl. 12

Christelike onderwys: Die skoolbeheerliggaam se mandaat as beelddraers van God

Laaste vervolg op die bydrae van dr Bennie Aucamp ontvang

Die kurrikulum:

Die vertrekpunt en norm vir die beplanning en uitvoering van die kurrikulum is God en sy standaard en alles word daaraan gemeet of beoordeel. Die beheerliggaam het 'n verantwoordelikheid om toe te sien dat die inhoud van die kurrikulum die waarheid weergee. Daarom is dit ook belangrik dat die beheerliggaam die voorbeeld stel deur 'n Christelik-kritiese denkingesteldheid aan die dag te lê wanneer oor die kurrikulum en onderrig- en leerprogramme besin word, veral wanneer die inhoude voorgeskryf word van buite die skoolverband of programme aangekoop of oorweeg word. Die onderliggende vraag is: Watter standaard is ter sprake of wie se standaard word gebruik? Byvoorbeeld: As iemand net uit die bloute sê dat die inhoud van 'n sekere program of boek goed is, moet die vraag eintlik wees volgens wie se standaard dit bepaal is. Ek onthou jare gelede tydens my kollege-opleiding het 'n dosent gevra hoe 'n mens bepaal of 'n spesifieke storieboek wat vir kinders voorgeskryf word 'n goeie boek is. Die antwoord hierop uit die klas was as daar mooi en genoeg illustrasies is wanneer jy so deur die boek vinnig 'waaier' (as daar so 'n woord is, met verwysing na die Engelse woord 'fan'). 'n Ander se antwoord was as die voorblad prikkelend vir kinders is. Die dosent het dit egter toe gestel dat die twee antwoorde nie noodwendig bepaal of dit 'n goeie boek is nie. Daar moet deeglik deur die boek gewerk word, die boek moet eers deur die onderwyser self deurgelees word, en daar moet verder bepaal word of dit by die spesifieke ouderdomsgroep sal pas, en so meer. Wat dit dus veronderstel is dat daar 'n standaard moet wees waarmee die boek vergelyk moet word. Dit is in terme van die Christelike skool essensieel dat die beheerliggaam moet toesien dat boeke of enige ander materiaal aan God se standaard moet voldoen. Dit verg deeglike kennis eerstens van elkeen betrokke of van hulle wat die moderering moet doen om vanuit die Bybelse standaard hulle taak te onderneem.

Dis dan ook baie belangrik dat die beheerliggaam in noue samewerking met die skoolhoof die beginsel handhaaf en uitdra dat 'n kurrikulum met al sy onderdele as snitte van God se skeppingswerklikheid nie maar net ter wille van die kurrikulum onderneem en slaafs nagevolg word nie, byvoorbeeld kuns ter wille van kuns, of wiskunde ter wille van wiskunde nie. Dit gaan oor die doel van die kurrikulum en elke onderdeel of faset soos deur die Christelike bril bekyk tot eer van God drie-enig. Kom ons kyk na 'n paar vakgebiede vanuit Bybelgefundeerde grondslag met die onderliggende vraag: Hoe eer ons God deur die vak? En eintlik is die antwoord en veronderstelling die belydenis en erkenning dat God oor alles en almal regeer en dat Hy alles in sy hand hou. En verder, dat Hy as Skepper die kurrikulum wat God se skeppingsorde omvat/bevat vir ons as gelowiges met 'n opdrag/mandaat kom gee het – 'n mandaat wat ons nie sonder God kan deurgrond en uitvoer nie. Soos RJ Rushdoony met verwysing na wiskunde dit stel: "For the Christian, mathematics is not the means of denying the idea of God's pre-established world in order to play god and create our own cosmos, but rather is a means whereby we can think God's thoughts after Him. It is a means towards furthering our knowledge of God's creation and towards establishing our dominion over it under God." Vern S Poythress gee die volgende treffende perspektief: "… the teaching of Genesis carefully distinguishes man the creature from God the Creator. This implies that God is the originator of mathematical truth, while man is only a recipient. God knows all mathematical truth and never errs, while man knows in part and does err." As die beheerliggaam dan oor die keuse van 'n kurrikulum besin, moet die volgende in gedagte gehou en gekommunikeer word. Ek hanteer net drie fasette van die kurrikulum.

- Bybelonderrig/Bybelstudie: Ek reken elke beheerliggaam van 'n Christelike skool (of selfs van 'n gewone openbare skool) behoort deeglik kennis te neem van die volgende woorde deur RJ Rushdoony: "Bible classes in a Christian school are a failure, unless the essentials of Biblical faith are applied to every course in the school. I have visited supposedly strong fundamentalist colleges over the past twenty years and seen why they were destined to drift into neo-orthodoxy and into evolutionary thinking by looking at the non-Biblical courses. In several cases, this drift is already very much in evidence. The reason for it is that, for example, mathematics is taught from a relativistic view point; classes begin with prayer, and then instruction implicitly denies God. The science courses presuppose a universe which is an impersonal and blind force, not

the creation of the personal God. Sociology and social studies courses assume that predestination is in man's hand, not God's. Psychology and anthropology, instead of being branches of theology, as they were in origin, are made the handmaids of humanism, and so on. A humanistic curriculum cannot be made Christian by introductory prayers or by a sprinkling of holy water, but only by means of clear-cut Biblical presuppositions." Rushdoony gaan voort en stel die volgende as rigtinggewende beginsel ten opsigte van God se Woord: "The Bible, … , does not give us the multiplicity of facts which make up mathematics, paleontology, physics, biology, or any other subject, but it does give us 'the truth about all facts'. It declares all facts to be God-created, God-governed, and God-serving facts."

- Die Bybel is die basis en vertrekpunt van alle onderwys (alle vakke/fasette) in die skool. Dit gee betekenis aan alle feite, asook ten opsigte van die doel van onderwys. Wat onderrig betref gee die Bybel twee belangrike verklarings en waarhede en wel deur die Spreukeboek, naamlik, "Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag." En verder, "Wysheid begin met die dien van die Here; wie die Heilige ken, het werklik insig" (Spreuke 1:7; 9:10). Dit kan beskryf word as die pilare waarop 'n kurrikulum staan en waarvolgens die kulturele mandaat aangepak en uitgevoer word. Ten opsigte van Bybelonderrig en die onderrig van God se waarheid/ feite behoort dit onderneem en gedoen word met kennis en wysheid. Rushdoony wys op vyf punte van belang met betrekking tot Bybelonderrig, naamlik: (1) Die Christelike skool is 'n skool, nie 'n kerk nie. Die essensiële funksie of doel is onderwys en nie evangelisasie nie en die twee moet nie met mekaar verwar word nie; (2) Tweedens behoort die klas 'n baie duidelike oorsig te kry oor Bybelse geskiedenis en leerstellings/dogma/doktrine. Dit bring duidelikheid en begrip ten opsigte van die eenheid van die Skrifte of van Bybelse chronologie/tydsorde. Die Christelike skool moet die boodskap duidelik stel dat die Bybelklasse nie afgewater word met allerlei foefies om kinders se belangstelling te prikkel nie. Die fokus moet op Christus bly en dit veronderstel dat die klasse hoogs gedissiplineerd en deeglik moet funksioneer; (3) Derdens, Christelike onderwys kan nooit abstrak wees nie. Vir ons is alle feite konkreet en persoonlike feite deur God geskep. Dit het die betekenis wat God vir dit gegee het. God se betekenis of bedoeling moet ook ons betekenis of bedoeling wees – nie 'n abstraksie nie. Wanneer byvoorbeeld die boek Josua bestudeer word, moet begin word met die opdrag van God aan Josua (Josua 1:2-9), en opgevolg word met die Groot Opdrag van Matteus 28:18-20 wat dit opsom. Josua en Israel moet voortgaan en Kanaan vir die Here inneem en oorwin. Die kerk as God se nuwe Israel moet die wêreld vir Christus oorwin. Dit is die kulturele mandaat; (4) Vierdens moet onthou word dat die Bybel nie net God se Woord is nie, maar dit is ook die mees opwindende boek wat daar is. Daarom moet die tipe onderrig nie veroorsaak dat die Bybel sy opwinding, skoonheid en krag verloor of vervelig raak nie; (5) In die vyfde plek wil ek Rushdoony direk aan die woord stel. Hierdie is terselfdertyd 'n baie sterk boodskap vir die beheerliggaam en die hele skool in terme van die skool se visie en hoe die skool ingerig behoort te word, ook veral met betrekking tot aanstellings wat gemaak word en blootstellingsgeleenthede, indiensopleiding, en veral ook ten opsigte van die skoolhoof se gesindheid en toewyding. Rushdoony skryf: "… , the Bible should be read and studied as the Word of the living God, an infallible and inerrant Word, because no other Word is possible from the sovereign and omniscient God. It is this book that governs Christian education and the Christian school. The teacher must grow in terms of that book in order to teach it properly. If our understanding of the Bible does not grow continually, we are not competent to teach the Bible. Only those who feel its power and excitement can communicate it, and only those who know the God of Scripture can teach the truth about it."
- Met die Bybel en Bybelonderrig/Bybelstudie as basis, 'n perspektief op die onderrig van wiskunde: Getal is deel van God se skepping. Wiskunde is die oopdekking van die eienskappe en aard van getalle en van ruimte wat God geskep het. God is nie gebonde tot ons aardse drie-dimensionele ruimte nie en is alomteenwoordig. God se teenwoordigheid, beheer en bestuur van die wêreld lê op die geloofsvlak. Dis nie soos reeds genoem, wiskunde ter wille van wiskunde nie.
- Wetenskap: Teen die agtergrond van vandag se moderne wêreld waar die wetenskap in 'n groot mate verkeerdelik beskou word as die primêre bron van waarheid en nie soseer die Bybel nie, is dit essensieel dat regstelling moet geskied

Vervolg op bl. 19

Die belang van ons Christelike Lewens- en Wêreldbeskouing

Hugo Hayes

Wanneer, soos soveel keer in ons volksverlede, die vraag na die betekenis van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing gevra word, is dit sekerlik 'n bevestiging van die kritieke belang daarvan. En dit geld uiteraard vir die verlede, maar ook vir hede en toekoms. Soos tans ook weer, in die heersend ontstuimige klimaatstoestand in ons land en in volksgeledere, en met veral die volgende in gedagte:

1) ***Die belang van ons lewens- en wêreldbeskouing word deur vreemde ideologie uitgedaag***

   Die omhelsing van marxistiese ideologie deur die huidige regerende politieke party in SA, konfronteer ons met talle vraagstukke van lewensbelang op verskillende lewensterreine. Nie een van die kerklike, die onderwys en politieke lewensterreine was hiervan gevrywaar nie. Dit laat ons opnuut vra na die relevansie van dit waarin ons as Christen-Afrikaner nog altyd geglo en bely het. Die uitwerking van marxistiese ideologie toon ons die uitwasse van 'n samelewing wat geestelik en moreel uitgehol en ge-erodeer is. Dit het niks te bied aan 'n ontnugterde en verwarde mensdom wat na antwoorde van 'n religieuse en lewensbeskoulike aard op soek is nie.

2) ***Die belang van ons lewens- en wêreldbeskouing plaas ons opnuut voor die saak van verantwoording teenoor God en medemens***

   Ons as Christusbelyers moet in staat wees om antwoorde te kan bied wanneer ons die armoede van sekulêre sosialistiese ideologie, soos die marxisme, ontbloot sien vir wat dit is en die skade wat dit aan ons samelewing doen. Wanneer hierdie ideologie aan die mensdom 'n mislukte drogbeeld van die werklikheid probeer verkoop, is die vraag: waar staan ons m.b.t. dit wat ons as alternatief aan te bied het? Kan ons ons verantwoord teenoor afvallige religie en lewensbeskouinge wat dreig om ons samelewing ten gronde te laat gaan?

3) ***Die belang van ons lewens- en wêreldbeskouing is 'n saak wat ons in hierdie tydsomstandighede opnuut moet herontdek, herwaardeer en van toepassing moet maak, ten einde 21ste eeuse uitdagings die hoof te bied***

   Wanneer ons ons in 'n tyd bevind waar die mensdom in radeloosheid op soek is na lewensbeskoulike uitkomste wat die marxisme in gebreke bly om te voorsien, dan moet die Christendom tog immers 'n antwoord van hoop en uitsig kan bied. By die VCHO het ons die betekenis van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing deurgaans bly handhaaf en uitdra, sover dit binne ons vermoë was. Selfs gedurende daardie stadia toe daar diegene was wat hierdie pad nie langer wou saamstap nie, omdat dit sogenaamd (polities) aanstoot sou gee. Neem maar die dramatiese verskuiwings van lewensbeskoulike aard wat ons op tersiêre onderwysvlak die afgelope dekades beleef het. Toe daar kritieke beslissings oor vele kwessies waarvan

   o.m. ons onderwys, maar ook ons lands- en volksituasie geneem was, waarmee ons ons nie kon vereenselwig nie. Dink maar aan die verbete aandrang op polities-geïnspireerde oorgange na dit en oorgange na dat, wat ons die afgelope dertig jaar of meer moes deurmaak, sonder dat dit ons êrens gebring het. Intussen was dit steeds ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing wat koers en rigting in Afrikanergeledere moes aandui.

Sedertdien, en grootliks as gevolg van die voornoemde oorgange, kerklik en polities, het ons as kerk en volk tans voor een van die grootste uitdagings nóg te staan gekom. Uitdagings wat ons slegs deur die geloof in God-drieënig en met handhawing van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing sal kan ontmoet. Dit is immers hoe ons in die verlede, toe ons voor groot krisisse in ons volksbestaan te staan gekom het, opgetree het. Ons Christelike geloof en -lewensbeskouing het nog telkens die antwoorde gebied oor wat gedoen moet word in lewensbedreigende situasies.

En tans staan ons voor een van die grootstes daarvan. Dit hoef seker nie in besonderhede uitgespel te word nie –

– ’n magshonger owerheidsparty wat hom wil vergryp aan die mag waaroor slegs God beskik; wat vir homself wil toe-eien waarop hy nie geregtig is nie;
– verwarring in eie volksgeledere oor wie ons is en wat ons in heersende omstandighede te doen staan;
– gebrek aan ware Bybels-geestelike leiding in bepaalde kerklike geledere;
– die fisiese en geestelike bedreiging van ons kinders en jongmense in die onderwys soos dit in veral openbare skole en universiteite na vore kom;

en so sou ’n mens kon voortgaan.

Die aard van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing

Dit is van die allergrootste belang dat ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing in omstandighede soos hierdie steeds onbeskroomd deur ons gehandhaaf sal word. Dwarsdeur ons volk se geskiedenis was dít die koersaanduidende en rigtinggewende dunamis wat ons deur krisistye geneem het. Waar alle ander beskouinge: die humanisme, liberalisme en sekularisme, tot klaaglike mislukking bestem is, is die Christelike lewensbeskouing dinamies en lewenskragtig. Dit is in staat om die dikwels gestrenge toets van die tydsomstandighede te kan deurstaan. Dit is so, omdat hierdie lewensbeskouing vanuit Bybelse begronding ons hele lewensloop as volk, gesinne en individue bepaal het en steeds behoort te bepaal. Dit is so omdat dit ’n lewenskrag is wat vanuit die Woord self tot ons spreek. Daarom staan ons Christelike geloof en lewensbeskouing in noue verbondenheid met mekaar. Lewensbeskouing het immers met die hartsgesteldheid van ’n individu en volk te doen, om in ons hele lewenswandel, die Christelike implikasies te verreken en perspektief op die bestaan daarvan te verleen. Waar kom ons as ’n eie, unieke volk in werklikheid vandaan, waarom is ons hier geplant en waarheen is ons op pad?, is die kritieke vrae wat beantwoord moet word. Die voormelde is wesensvrae wat ons onsself noodwendig in hierdie tyd moet afvra, siende dat ons in ’n uitmergelende oorlewingstryd gewikkel is.

Proff. P de B Kock en HG Stoker stel dit trouens ook dat die Bybelse lewensbeskouing wat ons voorstaan uit die hart opkom in sy gerigtheid op God-drieënig. Dit is van daaruit dat dit die Christelike karaktereienskappe in ons persoonlike en volkslewe na vore bring, wat tot verheerliking van God moet strek. En nou ontstaan die vraag: “Wat is die betekenis en waarde, die motief, geestelik en kultureel gesproke, wat ons aan die voortbestaan van ons volk heg?”, in die lig hiervan. En wanneer ons hierdie vraag beantwoord, wat het dit ten diepste met ons verhouding tot God te doen? Dié God wat eens in die voorgeskiedenis ons voorsate hierheen gebring en wat ’n volkstigting Hom laat welgeval het. En dat dit alles vanuit die begronding van ons Protestantse geloofs- en Calvinistiese lewensoortuiging geskied het.

Danksy ons oorgeërfde Calvinistiese lewensoortuiging het die Christelik-lewensbeskoulike perspektief op die werklikheid verbreding en verdieping ondergaan. Dit veral n.a.v. die werk van dr A Kuyper (Nederland), prof. HG Stoker (Suid-Afrika), en andere. Prof. Stoker tref daarin die Skriftuurlike onderskeid tussen God as die Algenoegsame Skepper; en daarteenoor, die onselfgenoegsame skepping. Hy bou dit verder uit in sy tweeledige bundels getiteld Oorsprong en Rigting. Hy wys daarin op drie fundamentele en universele beginsels, te wete –

Uit deur en tot God is alle dinge;
Alle geskape dinge behoort aan God; en
God is absoluut soewerein oor al sy geskape dinge.

Op grond hiervan kom ’n persoonlike, wat ons tipeer as ’n verbondsrelasie, tussen God en sy skepsele tot stand, met besondere implikasies vir menswees. Die gemelde beginsels verleen, vlgs. prof. Stoker, aan die skepping in sy geheel en in besonder aan die bestaan van, en trouens die hele lewe van die mens, sy eintlike, heerlike en diepste sin. Die inhoudryke en appelerende openbaring oor Wie God is en wat Hy gedoen het, word daarin gevind. Dat daar, die sondeval ten spyt, steeds ’n persoonlike verhouding tussen Hom en die gevalle mens tot stand gekom het, wat in die Liefde van God vir sy skepping gegrondves is. Prof. Stoker verwoord dit soos volg: “Hierdie religieuse geloofsoortuigings wat in liefde en vertroue gegrond is, gryp die gelowige in sy diepste sieleroersele aan en eis sy hele bestaan vir God op. Dit is waarhede wat met volle vertroue aanvaar word in antwoord op, en wat verinnig en verdiep word deur die verbondstrou van God”.

Voorts laat iemand soos prof. JC Lombard hom soos volg uit oor lewensbeskouing:

Ons bedoel met ’n lewens- en wêreldbeskouing die Christen se ‘siening’ of ‘beskouing’ oor ‘alles’. Hy redeneer dat die begrip “lewens- en wêreldbeskouing” dalk te eng en te begrens is. Ons dink nie net oor die lewe en die wêreld nie – nee, ook oor God vanuit die geloof in Hom soos Hy Hom in Sy Woord bekendgemaak het. Maar ons dink ook oor die

Vervolg op bl. 16

Vervolg van bl. 7: **Christelike onderwys en ouers se mandaat**

17. Gesamentlike aanbidding as gemeente is 'n geleentheid waar ons saamkom en God kan hoor deur die Woordverkondiging en waar ons herinner word dat Hy koning en ons sy onderdane is. Hy is Here en ons sy dienaars. Hy is die herder en ons sy skape. Hy is God en ons sy skepsels. Hy is in die hemel en ons is op die aarde. En ons moet doen wat Hy sê. Teen hierdie agtergrond is aanbidding binne die gemeente en erediens die plek waar ons leer en waar ons opgelei word in die dissiplines/ fasette wat kernbelangrik is vir die Christelike lewe – vertroue, gehoorsaamheid en onderwerping. Jonathan Cruse beskryf die God-gesentreerde aanbiddings-erediens treffend soos volg: "The God-centered worship service is the garden in which faith is planted, grown, and cultivated."
18. Die aanbiddings-erediens is die plek en tyd waar God ons herinner dat ons as sy kinders uit die mag van die duisternis weggeruk is en onder die heerskappy van sy Seun wat Hy liefhet, gestel is (Kol 1:13). Dit is 'n kragtige en blye boodskap waarna ons as Christengelowiges behoort te verlang en deur aanbidding versterk moet word.
19. Die kerkdiens is 'n gesamentlike afsondering van verloste mense op aarde en 'n vergadering van getroue en toegewyde volgelinge van Christus binne 'n afgodiese wêreld. Wanneer ons dan in die kerk vergader, is dit asof God vir ons ook vandag volgens Romeine 11 vers 4 die volgende sê: "Ek het vir My sewe duisend manne laat oorbly wat nie vir Baäl aanbid het nie." Dit is binne hierdie vergadering van toegewyde gelowiges waar getroue gelowiges meer en meer gevorm word om meer en meer te lyk soos kinders van die hemel en minder en minder soos die gevalle wêreld.
20. Ons vergader as gemeente en as een liggaam, en as een liggaam word ons opgebou. Dit is as een liggaam dat ons elkeen individueel en gesamentlik ons Geesvervulde funksies binne die liggaam van Christus kan uitleef. Deur ander gelowiges deel ons in die seëninge wat God vir ons bedoel. Op ons beurt is ons weer tot seën vir ander.
21. God is 'n God wat deur woorde tot ons spreek. En in en deur aanbidding beveel God wat ons moet doen. Wanneer die Wet (tien gebooie) tydens die erediens gelees word, beveel God ons dat ons die gebooie sal oordink en ons sonde sal besef waar ons te kort skiet en dit sal bely (Rom 3:23). Verder, ons lees God se Wet omdat die Wet vir ons sê hoe om te lewe. Ons is God se kinders en daarom sê Hy ook vir ons hoe ons ons moet gedra. Alhoewel ek nou na die Tien Gebooie verwys het, moet dit ook duidelik gestel word dat God se Wet nie net die Tien Gebooie is nie. God se Wet is egter enigiets wat God in sy Woord beveel. Dit is God se wil. En Hy het dit vir ons gegee sodat ons nie sal wonder hoe ons lewe moet lyk ten einde aan Hom te behoort nie. God is heilig. Hy is totaal verwyder van sonde en van enige verderflikheid en onsuiwerheid. Hy roep ons as sy kinders om ook heilig te wees soos Hy heilig is (1 Petrus 1:16). Die Wet sê vir ons hoe om dit doen. Maar dan besef ons ook dat as ons die Wet hoor en ons lewe ondersoek, dat ons dit nie kan doen of gedoen het nie. Die Wet wys ons en ontbloot ons vir wie en wat ons is – van nature sondig in hart en lewe. Met die lees van God se Wet word ons op ons plek gesit en word ons geleer om God as Here oor ons lewe te erken en ons aan Hom te onderwerp. Die Wet is 'n onontbeerlike deel van aanbidding – 'n noodsaaklike deel van ons ontmoeting met God omdat dit wys wie God is en ook wie ons is.

(Word vervolg – red.)

Vindiciae Contra Tyrannos

A Defense of Liberty Against Tyrants

by Junius Brutus

Kyk artikel op bl 14.

Onderwys in Krisis

Seminaar: 13 April

Genl. Beyersstraat 256, Pretoria-Noord

Doopbelofte • Tuisonderwys • Marx vs Reformasie • Noodsaak van Christelik-gereformeerde onderwys • BCVO • Hoëronderwys • Die Kerk se taak

Hoe gemaak met onderwys in SA ná Bela-wetgewing? Wat sê die Bybel? Wat kan Christene doen?

Program en sprekers

08:00 Opening
Ds Pieter le Roux

08:10 Die doopbelofte, die gesin en onderwys
Pieter van Deventer

08:40 Marxistiese opvoedkunde en die Christelik-reformatoriese antwoord
Dr Adi Schlebusch

09:10 Die belang van die Kerk by Christelik-gereformeerde onderwys
Dr Johan Otto

09:40 Bespreking

10:10 Tee

10:50 Die Beweging vir Christelike Hoër Onderwys se werk t.o.v. ons verbonds-kinders en tot eer van God
George Bester

11:20 Tuisonderrig: 'n Bybelse model en 'n beter alternatief
Bouwe van der Eems

11:50 Afrikaanse Protestantse Akademie: Evaluering van die heersende stand van onderwys vanuit Reformatoriese perspektief
Dr Albertus Breytenbach

12:20 Bespreking

13:00 Middagete, bedankings & sluiting

R90 vir middagete

Gaan na hierdie skakel vir besonderhede: http://tinyurl.com/RSVPOnderwys

RSVP: 072 342 8528 of 076 817 6269

Vindiciae Contra Tyrannos en die opwerping van verset teen tirannieke staatsoorheersing

Hugo Hayes

Die *Vindiciae Contra Tyrannos* (*VCT*) sit Reformatoriese beginsels vir die regmatigheid van verset deur onderdane uiteen, in bepaalde omstandighede en onder gestelde voorwaardes. Dit is ’n historiese uitkoms van die Reformasiedenke, waarin oor die regsverhouding tussen owerheid en onderdaan tot ’n uiters belangrike uitklaring gekom word, wat van wesensbelang is vir ons Protestantse beskouing op verset (hetsy passief of aktief) tot op hede.

Dit is ’n monargiale heerser nie geoorloof om sy Goddelik-verleende mag en gesag buite die perke van wat as staatregtelik geoorloof beskou word, aan te wend nie. *Ipso facto* geld dit die owerheid van ’n staat wat homself ten aansien van die onderdane oor wie hy regeermag uitoefen, aan tirannieke optrede skuldig sou maak. Sodanige oorskryding van sy toegewese ampsposisie word as aanleidende oorsaak aangevoer op grond waarvan onderdane regtens in ’n posisie geplaas word, waarin (onder gestelde voorwaardes) tot verset oorgegaan kan word. Die onderhawige owerheidsliggaam stel homself op grond van sodanige onbeteuelde/ ongebreidelde magsuitoefening bloot aan geregverdigde versetoptrede, volgens die strekking van die *VCT*.

Dit word beredeneer uit hoofde van die aanvaarding en erkenning dat die staatsorgaan of -owerheid oor die afgeleide mag en gesag beskik om ter wille van goeie regering die Bybelse ‘swaardmag’ uit te oefen, maar dat dit binne die geldende beperkings soos vir die staat, moet plaasvind.

Die uitoefening van onbeteuelde mag, soos in die geval van tirannieke maatreëls/wetgewing, beteken dat die grense van die natuurlike mag waaroor die owerheidsorgaan regtens beskik, oorskry word. Die *VCT* voer aan dat daar konsekwensies vir ’n owerheidsorgaan is, indien en wanneer daar met onderdrukkende maatreëls teenoor die onderdane opgetree word. In so ’n geval word ’n saak daarvoor uitgemaak dat daar tot versetoptrede oorgegaan kan word soos in die *VCT* uitgewerk. Daar word aangesluit by die idee dat die “mindere magistrate” in die volkshuishouding, soos deur Calvyn aangevoer, oor die reg beskik om d.m.v. aktiewe verset teen die owerheidsorgaan te kan optree. Die reg daartoe moet egter in kollektiewe verband uitgeoefen word, d.w.s. geen individu sou in daardie bepaalde omstandighede die mag in eie hande kon neem nie.

In die geval van die oorgaan tot aktiewe verset geld die uitgangspunt dat die reg steeds gehandhaaf word, waardeur aan sodanige optredes legitimiteit verleen word. Dit word m.a.w. as Bybels geregverdigd beskou. Die prinsipiële onderskeid is dat dit téénoor verset staan wat nie die herstel van die publieke orde as sodanig in die oog het nie, maar slegs die eie belang van die owerheidsorgaan wil bevorder, ten koste selfs van die ordelike bestel. Versetoptrede vanuit Christelike oogpunt, behoort dus altyd op die motief van die herstel van die Godgegewe orde afgestem te wees. In die geval van die magsoorskryding (onder bespreking), wil die staat sy eie politieke belange en oogmerke bevorder, ten koste van die onderwys, soos duidelik uit voorgestelde konsep-wetgewing blyk. Die staat wil homself ideologies laat geld, deur magsmisbruik van die onderwys, deur dit in die greep van die nieu-Marxisme te bring.

Daar is gekyk na ’n toepassing betreffende die posisie van die onderwys en die situasie waarmee ons tans te kampe het. Beredeneer vanuit ons beskouing oor die individualisering van verbande ander dan die staat, staan sodanige verbande óók elkeen in eie reg op die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring (s.i.e.k.), soos tewens ook die staat. Onderwys as sodanig, wat die uitsluitlike roeping en taak van die skool is, is vir die staat as eiesoortige regsverband verbode terrein, indien dit in die uitoefening van sy (die staat) se toegewese bevoegdheid verder geneem word as die handhawing/harmonisering van die gemeenskaplike regsbelange. Die skool kom gevolglik naas die staat as ’n eiesoortige georganiseerde verband tot stand, wel met sy interne en ondergeskikte regsfeer, maar met opvoeding en onderwys as sy kernbelang en ‘besigheid’, wat hom op grond van hierdie eiesoortige individualiteit van die staat onderskei.

Die omstandighede waarna hier verwys word geld t.o.v. ’n gedifferensieerde samelewing waarin die burgery hulle onderskeie belange binne elk van die onderskeie verbande tot dié mate selfstandig (behoort te) behartig, kragtens die beginsel van s.i.e.k. Ons sou dit wel kon vind dat, bv. die kerk, in bepaalde omstandighede sou kon ingryp deur bv. kerkskole tot stand te bring, maar as ’n tydelike reëling, totdat eie

bestuursliggame daargestel word. So was dit ondermeer die geval, in die totstandkoming van teologiese opleidingsinstellings vir die kerkverbande van die Gereformeerde en Afrikaanse Protestantse Kerke, dat die kerkverbande 'n deurslaggewende rol daarin te vervul gehad het. Die uitgesproke oogmerk daarvan was die akademiese opleiding van voornemende predikante. In hierdie geval is dit steeds die oogmerk dat onderwys as sodanig bevorder wil word, d.w.s. onderwyskundig van aard, en wel ter wille van die handhawing van die gereformeerde grondslae. Die verhouding tussen die Kerk en die opleidingsinstellings kom hierin op unieke wyse na vore, naamlik dat sorg gedra wil word dat die gereformeerde belydenis en leer in die domein van die kerkverband gehandhaaf word. Terwyl die individuele eiesoortigheid van die opleidingsinstellings as sodanig erken word, staan hulle en die onderskeie kerkverbande in 'n posisie van vervlegtheid tot mekaar. Dit bring 'n totaal ander verhouding tot stand as wanneer die staat op die bevoegdheid van die onderwysinstellings wil inbreuk maak, soos wat met o.m. die sg. 'Bela'-onderwyswet in vooruitsig gestel word. In lg. geval wil die staat die bevoegdhede van die onderwysinstellings uit hulle hande neem, d.w.s. hulle ontmagtig, ter wille daarvan om hulle eie Marxisties-ideologiese grondslae te bevorder. Van genormeerde regsbelange as sodanig is hier glad nie meer sprake nie.

Na analogie van die verhouding kerkverband tot teologiese opleiding, kan ons nou ook die parallel trek t.o.v. die ouerhuis en die onderwys. Net soos die kerkverband het die ouerhuis 'n belang by die soort opleiding/ onderwys wat aan hulle kinders/ jongmense gebied word. Dit is daarom 'n aanvaarde beginsel in 'n gedifferensieerde (beskaafde) samelewing dat die ouergemeenskap inspraak behoort te hê in die grondslag en etos van die skool, ten einde ooreenstemming te verseker. Die Christelike ouergemeenskap wil die versekering hê dat wat in die skool gebeur, 'n voortsetting sal wees van wat in die ouerhuis bely en geleer word. Die skool moet dus aansluiting vind by die belydenis en oortuiging – lewens- en wêreldbeskoulik gesien – soos in die ouerhuis. Al sou die ouerhuis nie inmeng in die interne bestuur van die skool nie, moet daar inspraak wees in die wyse waarop die skool bestuur word, asook m.b.t. die vakinhoudelike. Daarom sal/ behoort die ouergemeenskap gesteld (te) wees op Christelike vakonderrig, wat in pas sal wees met Bybelse uitgangspunte wat in die verbondsgesin geleer word. Daar bestaan dus 'n bepaalde vervlegtheid tussen die ouerhuis en die skool.

Wanneer daar nou 'n situasie ontstaan waarin die staat d.m.v. wetgewing, of op ander wyses, magsoorskryding op die terrein van die onderwys forseer, deur dit vir sy eie belang te wil usurpeer, mag en moet dit as 'n optrede gesien word wat met verset teengestaan kan word. In so 'n geval is dit nie net die onderwysgemeenskap nie, maar ook die ouergemeenskap wie se magsfeer en regsbevoegdheid wesenlik aangetas word en wat hulle dusdanig tot versetoptrede kan wend. Daar sou derhalwe en daar behoort, na oordeel, meervoudige optredes van verset geneem te kan word.

In hierdie verband word o.m. die volgende uitsonder:

Illustrasie van die staat se magsgreep t.o.v. die openbare skolebedeling:

1) Die onderwysbestuursvlak:	**Huidige posisie**
Die skool se grondslag, missie, visie en etos	Bybelse begronding feitlik onmoontlik
Toelatingsvereistes	Staat behou finale seggenskap
Onderwyser/ leerlingratio	Buite verband vanweë staatsbeleid
Standaarde	Verlaging vanweë staatsinmenging
Leerlinggetal en befondsing	Staat forseer kwotas na goeddunke
Taal van onderrig	Toenemende verengelsing van skole
Gesagshiërargie	Eensydige maatreëls "van bo" geforseer
Dissipline en tug	Verval grootliks deur toedoen van die staat
Verhoudinge	Staat tree voorskriftelik op
2) Die Christelik-volkseie kultuur	
Integrering van norme en waardes	Feitlik nie-bestaande a.g.v. staatsbeleid
Identiteit	Staatlike aanslag op tradisionele identiteite
Die lewens- en wêreldbeskoulike	Deurvoering van die staat se ideologie
3) Akademiese/Skolastiese beleid:	
Kurrikulering	Onder voorskrif van die staat
Christelike vakinhoude	Nie-bestaande vanweë sekulêre staatsbeleid

Vervolg op bl. 16

Vakdiversifisering	Onder voorskrif van die staat
Didaktiek en metodiek	
Standaarde en assessering	Willekeuringe toepassing deur die staat
Vakmateriaal	Onder voorskrif van die staat

Die ouer- en onderwysgemeenskap se verset hoef nie noodwendig in te hou dat die staat openlik gekonfronteer word deur aktiewe verset nie. Daar is ook ander vorme van verset tot beskikking wat, indien dit teen die agtergrond van die bespreekte oorwegings, 'n terugkeer tot die normatief ordelike bedeling van Christelik-gereformeerde onderwys aangewend word, die gewenste resultaat behoort voort te bring. Tydens die Konferensie in 2023 oor Veiligheid en verset te Pretoria was daar 'n drietal aanbevelings gedoen oor wat ter beveiliging en as versetoptredes gevolg sou kon word. Die aanbevelings is gerig op die terugkeer tot God en sy Woord binne volksverband, met die oog op verbondsmatige onderwys, m.a.w. Christelik-volkseie.

Vervolg van bl. 11: **Die belang van ons Christelike Lewens- en Wêreldbeskouing**

mens se toekoms en lewe ná hierdie aardse lewe. Ons moet onthou dat ons die Christelike siening t.a.v. alles meer en meer ons eie maak, deur ons meer en meer in die Christelike waarheid te verdiep. Maar – in die finale instansie, is dit iets wat aan ons geopenbaar, gegee is/word, sodat ons dit glo. Dis 'n genadevoorreg wat ons ontvang het, en wat nie uit onsself ontdek of uitgedink is nie.

Voorts konstateer prof. Lombard soos volg: "'n Uitstaande kenmerk van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing is dat dit universeel, omvattend, allesinsluitend is. Die mees konsekwente Bybelse Christendom, soos deur Johannes Calvyn en sy navolgers uitgewerk in die lig van die volle Woord, plaas die adjektief Christelik nie net voor kerk en godsdiens nie".

As Christendom wat op die Calvinisme begrond is, bring dit ons voor die onontkombare konsekwensie dat ons ons vir die koms van die Koninkryk op alle lewensterreine moet beywer. Ons bely immers dat die ganse werklikheid in sy volle breedte en diepte onder die heerskappy en regering van God staan. Ten opsigte van elke faset daarvan moet die koningskap van die Here Jesus, as Middelaar van die skepping, geproklameer word. Dit geld ook t.o.v. al die nie-kerklike lewensterreine soos die skool en die staat; m.a.w. die Christelike skool, die Christelike staat, ens. Die volgende teks stel dit onomwonde:

Kol 1:16: "Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, ... – alle dinge is deur Hom en tot hom geskape"

Vir die VCHO is dit 'n uitgemaakte saak dat op grond van die Bybelse opdrag (veral n.a.v. Spr 1:7 en Matt 28: 18-19) –

die samelewing in al sy onderskeie fasette verchristelik moet word. Christelike opvoeding en onderwys word as die mees geskikte voertuig gesien ter verwesenliking daarvan. Derhalwe moet die relevansie van die VCHO-doelstrewe en -missie naamlik die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, opnuut beklemtoon word. Maar wat nou as die ideologies-gedrewe onderwysowerheid die spreekwoordelike mat onder ons voete wil uittrek?

Onderwysbeleid en -wetgewing van 'n teëstellende aard

En waar ons tans in omstandighede ons bevind dat die onderwys in Suid-Afrika voor een van sy grootste krisisse te staan gekom het, wat vra dit van ons as onderwys- en ouergemeenskap? Hoe gemaak met 'n onderwysbeleid wat ons as't ware voor die haas onafwendbare te staan gebring het? Wat doen ons wanneer iets soos die omstrede Bela-onderwyswet uiteindelik finaal goedgekeur en teen wil en dank op ons afgedwing sou word? Moet ons dit maar gelate aanvaar, net omdat die regerende owerheidsparty dit van wetsgehoorsame landsburgers sou verwag dat ons ons by onderwysbeleid en -wetgewing móét neerlê? Selfs al sou dit direk teen ons lewensbeskoulike oortuigings ingaan!

Die geldendheid van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing

In die lig van die beredenering tot by hierdie punt, is die slotsom dat ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing in geen opsig gekompromitteer mag word nie. Nie wanneer dit voor kontemporêre uitdagings te staan gekom het nie en ook nie wanneer dit antiteties teenoor die hedendaagse ideologie te staan gekom het nie. Ons is as Protestantse gelowiges geroepe om die Christelik-gereformeerde geloof en lewens- en wêreldbeskouing in alle omstandighede te handhaaf en verdedig.

Mediaverklaring deur die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys

Indien die sg. Bela-wetsontwerp goedgekeur word, sal dit 'n totaal veranderde onderwysopset daarstel. Met die staat wat die magte en bevoegdhede van beheerliggame grootliks sal oorneem, sal ouerlike inspraak en seggenskap wesenlik verval. Die ouergemeenskap sal dan uitgelewer wees aan dit wat die staat as in die beste belang van hulle kinders beskou. Wanneer die staat sy beleid d.m.v. hierdie wetgewing deurvoer, sal dit wat vir die ouergemeenskap in belang van hulle kinders se opvoeding en onderwys beskou word, uit hulle hande geneem word. Dan is dit die staat wat o.m. sal bepaal wat die toelatingsbeleid sal wees; wat die taal van onderrig sal wees; wat die leerinhoude sal wees, ens. Ouers moet terdeë daarvan bewus wees dat die staat, onder aanvoering van die regerende party sy eie beleidsagenda het, wat nie onderwyskundig nie, maar ideologies gedrewe is. Die beheerliggame staan in die pad van die regerende party, wat die deurvoering van sy marxistiese ideologie betref. Dit is 'n saak van lewensbeskouing in botsing met lewensbeskouing en met die oog hierop moet die beheerliggame uit die pad van die staat geneem word.

Alles dui verder ook daarop dat die staat besig is om onder bedekte motiewe na sake soos die sg. seksopvoeding, die gebruik van alkohol ens. te kyk; wat glad nie met die skool se opdrag en roeping verband hou nie. Die regerende party se perverse beskouing oor die seksopvoeding is, bv., glad nie met ons Christelike beskouing daaroor te rym nie. Dit staan trouens ver verwyderd daarvan, aangesien die regerende party verbind is tot die deurvoering van die verklaarde oogmerke van die nuwe wêreldorde, waarin geslagtelikheid opgehef moet word. Gevolglik is die regerende party se idee van geslagtelikheid nie met dié van die Bybel te versoen nie. Alkohol binne die skoolopset kan uit die aard van die saak nie met verantwoordbare onderwys verbind word nie.

Die VCHO ag dit sy plig en verantwoordelikheid om hom oor die implikasies van die beoogde gewraakte wetgewing oor die onderwys uit te spreek. Die wetgewing hou niks goeds vir veral die openbare skole in nie. Indien die wetgewing goedgekeur sou word en die staat daardeur 'n houvas op die beheer van openbare skole sal verkry, sal dit vernietigende gevolge inhou. Die onderrigtaal en toelatingsbeleid is van kardinale belang vir die handhawing van die besondere etos en karakter van die skool. Wanneer die staat d.m.v. sy provinsiale departemente plaaslike beheer van onderwys sou oorneem, moet verwag word dat daardie karakter van skole ingrypend sal verander en deur die marxisme oorgeneem sal word. Openbare skole sal binne 'n kort tyd na marxistiese staatskole omvorm word, ter wille daarvan dat die regerende party 'n vastrapplek vir sy ideologiese transformasie van die samelewing gevestig kan kry. Ons praat hier van 'n geheel ander doelstelling en missie vir skole as onderwys in die ware sin van die woord. In plaas daarvan om instellings van opvoeding en onderwys te wees, sal van skole instellings van sosiale transfomasie gemaak word, ter wille van 'n marxistiese samelewing. Met 'n samelewing waarvan die individu van sy godgegewe identiteite (Christen; volkseie; geslagtelikheid) losgemaak is, word die totalitêre staat die lotsbepaler van sy 'ewige' bestemming.

'n Belangrike seminaar word op Saterdag 13 April te Pretoria aangebied, ten einde die krisis wat deur die onderwyswetgewing teweeggebring is, in behandeling te neem. 'n Sestal referente sal hulle standpunte oor die onderwys stel en die onderwyskrisis belig. Onderwysinstansies sal alternatiewe stel en bespreking sal gevoer kan word. Die ouer- en onderwysgemeenskap word daarheen uitgenooi.

Hugo Hayes
Uitvoerende Beampte: VCHO
31 Januarie 2024

KONINGKRYK
VAN GOD

Jesus maak dit duidelik dat Sy Koninkryk belangrik is wanneer hy bid: "[9]*Onse vader wat in die hemel is laat u Naam geheilig word;* [10]*laat u koninkryk kom* ... **En verderaan verklaar:** [33]*Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word*" – Matt. 6

'n Belangwekkende reeks lesings is gevolglik, in die lig van bostaande, oor die Koninkryk van God, in die loop van 2023 gelewer. Dit maak deel uit van die ooreengekome samewerking tussen Pactum Instituut en die VCHO. Die Pactum Instituut is tot stand gebring, ter wille daarvan om apologeties die Reformatoriese teologiese beskouing te bevorder, te handhaaf, uit te bou en te verdedig, in teenstelling tot teologiese beskouinge wat die Bybelse grondslag verlaat het.

Die VCHO se posisie, vanuit ons Calvinistiese lewensoortuiging gesien, behels 'n erkenning dat die Reformatoriese lewensingesteldheid oor die totaalspektrum van die menslike lewe tot gelding gebring moet word. Op grond van hierdie gemeenskaplike belydenis het die basis van samewerking met Pactum sy ontstaan gehad en momentum verkry.

Die reeks oor die Koninkryk is aangebied, met die onderwerpe en referente soos daarteenoor aangedui, en verskyn hieronder. Die onderskeie lesings is steeds beskikbaar en kan op die betrokke webblad gevolg word, deur na die volgende skakel te gaan:

https://www.youtube.com/playlist?list=PLuZPcDIPukLUBdhk9lZRjOBhDyfMcmNRZ

- 11 Maart: Koninkryksvisie in die Ou Testament – Prof JAE Adendorff
- 1 April: Koninkryksvisie in die Nuwe Testament – Ds C Rossouw
- 22 April: Die Koninkryk en die **kerk** – Dr Adi Schlebusch
- 3 Junie: Die Koninkryk en die kerk se **belydenis** – Ds S le Cornu
- 15 Julie: Die Koninkryk en die **gesin** – Dr C Jooste
- 26 Aug.: Die Koninkryk en die **staat** – Prof AWG Raath
- 7 Okt.: Die Koninkryk en die **onderwys** – Mnr P Bisschoff

om ook perspektief te gee ten opsigte van ons Christelike beheersingsopdrag. Dit gaan in wese oor die stryd tussen geloof en ongeloof. Vir die ongelowige is alle feite brute/onmenslike feite – die gevolg/produk van kans/toeval, terwyl die Christen behoort te glo dat alle feite/fasette deur God geskep is en daarom samehangende dele van die samehangende geheel vorm. Elke mens beskou feitlikhede in terme van sy/haar wêreld- en lewensbeskouing. Daarom word evolusie nie soseer met feite vervang nie, maar met die Bybelgefundeerde beskouing dat God die Skepper is en alles geskep het – 'n werklikheid/feitlikheid in al sy ryke verskeidenheid soos geskep deur die soewereine God drie-enig. In die onderrig van die wetenskappe moet die beplanning/strukturering Bybels en teologies gerig en gedryf word. In die onderrig van enige wetenskap kan die Christelik-teologiese onderbou nie uitgelaat/nagelaat word nie. In die humanisties-gedrewe skole word konsekwent teologie onderrig, maar dit behels die onderrig van die soewereiniteit van die skepsel en die outonomie/onafhanklikheid van die menslike denke ten opsigte van elke vak. Hierteenoor moet die Christen onderwyser nog meer konsekwent en beginselvas ten opsigte van sy/haar geloof wees. Dit is belangrik met betrekking tot alle onderrig van wetenskap binne die Christelike skool, dat die idee van 'n onpersoonlike terrein/ryk van wet en materie verwerp moet word. Indien dit nie verwerp word nie sal die onderrig noodwendig lei tot die skep van die idee dat gewerk word met 'n onpersoonlike omgewing en heelal van wet en materie en aksie. Dit is 'n idee wat anti-Bybels en in stryd met God se Woord is. So 'n idee en siening poog om God en die Woord eenkant toe te skuif en betekenisloos te maak. Die mens word nie beskou as waarlik lewendig nie, behalwe as hy/sy binne die fisiese omgewing ervaar word. Die gevolg hiervan is dat aspekte soos seksualiteit, reis en verskeie fisiese ondervindings religieuse dimensies veronderstel. As ons hoogste belang/behoefte die fisiese realiteit is, dan word seks byvoorbeeld 'n nodige religieuse ervaring waarsonder ons nie kan leef nie. Verder as voorbeeld: So 'n ontwortelde mens sal ook dan geneig wees om te glo dat 'n mens nog nie werklik gelewe het as hy/sy nog nie na hierdie of daardie plek gereis het en verskeie fisiese sensasies beleef het nie. En dit alles te midde van en met die wete en sekerheid dat niks in God se skepping 'n lewe van sy eie het en los van God se soewereiniteit staan nie. Met verwysing na Nahum 1:2-8, kan RJ Rushdoony tereg die volgende stelling maak: "If our science teaching is not in terms of the world Nahum and all of Scripture sets forth, we will soon lose our students to a rival faith, and science to meaninglessness." Rushdoony vervolg dan met die volgende opmerking, en ek glo dit is 'n belangrike boodskap vir die beheerliggaam, die skoolhoof en die onderwyser wat wetenskap/-pe onderrig of doseer: "A faith which sees every fact in the universe as a personal fact and as the creation of the totally personal and sovereign God will provide [deur onderrig, deur die vakhoof, vakspanne] man [die kind, die Christelike skool] with meaning and growth and power in terms of God's universe of meaning" (eie invoeging). Om hierdie deel af te sluit: Die humanistiese kurrikulum verhoog vakke en die bestudering daarvan as 'n doel op sigself. Kuns vir kuns se onthalwe en daarmee saam dan ook wetenskap vir wetenskap se onthalwe. Wetenskap vir die mens se onthalwe is egter nie beter indien ons die mens nie teologies en wetenskap as 'n stuk gereedskap beskou in sy roeping om sy kultuurmandaat en beheersingsopdrag as rentmeester te beoefen nie. Dit is tot eer en verheerliking van God drie-enig.

Ek wil ten slotte en opsommend net 'n klompie algemene gedagtes deel en/of enige twyfel uit die weg ruim, veral omdat bostaande teen die agtergrond van die bestaande/heersende onderwysbestel vir baie vreemd mag klink juis omdat baie van jongs af gewoond is/was aan die openbare onderwyssisteem.

Vanuit voorafgaande argumente en feite mag gevra word of die praktyk van Christelike privaatskole nie 'n tipe van klooster-effek veronderstel waar mense in afsondering gaan en dat dit nie met die werklikheid tred hou nie. Ek reken ek kan volstaan met dit wat reeds gestel en bespreek is, soos byvoorbeeld wat die effek van byvoorbeeld die humanistiese kurrikulum is teenoor die Christelik/Bybelgefundeerde kurrikulum. Ek wil dan herhaal dat die skoolhoof, die beheerliggaam en die personeel as deel van die proses van heiligmaking meer en meer die gestalte en beeld van Christus moet uitstraal – meer en meer gelykvormig aan die beeld van Christus. Met 'n deeglike

Vervolg op bl. 20

kennis van God en die Woord en 'n voortdurende opskerping van God se wet (as die totale wil en Woord van God), behoort die Christengelowige binne hierdie wêreld met sy anti-Christelike wêreldkultuur sy/haar plek vol te staan. Wat ek hiermee bedoel en soos reeds genoem, is waar onder andere simposia, konferensies (plaaslik en buitelands) en seminare bygewoon word, sal die Christengelowige spreekwoordelik die kaf van die koring kan onderskei deur besinnend en antiteties te dink, veral waar referate gelewer word met 'n inhoud wat getuig van 'n ander/vreemde lewens- en wêreldbeskouing in stryd met God se Woord. (Neem egter kennis dat heelwat praatjies of referate en wat in die sosiale media mag verskyn iets van die waarheid beet het, en dit moet ook raakgesien en raakgehoor word). Tog, die waarheid gemeng met die leuen is volgens my steeds nie die waarheid nie. Dit is ook 'n baie belangrike beginsel wat die beheerliggaam in sy rentmeesterskaptaak moet besef. Kinders behoort dan ook soos wat hulle onderrig en opgevoed word te besef waar Bybelvreemde beginsels of idees voorgehou word, maar behoort hulle dit ook met die waarheid te kniehalter. Natuurlik gaan dit alles gepaard met die leiding en in die teenwoordigheid van volwassenes.

Ons leef in 'n samelewing waar debatering en beredenering 'n baie lae profiel handhaaf, waar oppervlakkigheid heers en nie na die waarheid deurgeboor word nie. Die woorde van Hosea 4 vers 6: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis", eggo in ons ore en kla ons dikwels aan. Dis asof daar in die media net ingelig word, sonder om die saak en beginsel deur goeie debatvoering aan die orde te stel. Dit wil voorkom of die mens binne die heersende omstandighede op sleeptou geneem is en dikwels slaafs as't ware aan die neus rondgelei word. Dit gebeur ook veral deur die sosiale media met sy goeie dosis waninligting en subjektiewe opinies. Ek reken dat daar in die skool sterk klem gelê moet word op die onderrig van goeie leestegnieke, insig en begrip, asook die formulering van idees, beginsels, stellings, motiewe en die stel van teenargumente met God se Woord as vaste anker, beginsel en waarheidsbron. Dit gaan dan uiteindelik en terselfdertyd ook oor die oefen van onderskeidingsvermoë – om te onderskei waarop dinge neerkom. Ware rentmeesterskap vereis dit van die beheerliggaam om paraat te wees met die volle wapenrusting van God – die wapenrusting waarmee elke verbondskind gepantser en toegerus moet word in die beoefening (in al ons doen en late) van die kultuurmandaat. Dit is 'n lewe van belydenis waar ons (beheerliggaam, skoolhoof, personeel, ouers en kind) toenemend die gegewe talente en gawes gedissiplineerd moet beoefen en laat toeneem tot uitbreiding van God se koninkryk.

Ons moet sout wees wat smaak gee in die wêreld. By die opening van 'n nuwe akademiese jaar sou die saalboodskap deur die skoolhoof of leraar, met en in die teenwoordigheid van verteenwoordigers uit die beheerliggaam en gemeenskap, volgens Matteus 5 verse 13 tot 16 'n sinvolle oriëntering vir elkeen in die skool wees om ons Christelike kultuurmandaat nie net te besef nie, maar op alle terreine uit te leef en te bevorder:

"13Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit. 14Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; 15ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. 16Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath en Prof D.F.M. Strauss.

HOOFBESTUUR:
Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof J.A.E. Adendorff (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A. Buys (Orania), Dr M. Diedericks (Pretoria) en Ds R. Bain (Potchefstroom).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein, 9300/9301

Tel. (051) 525 2267 of (051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: hugo@vcho.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za